**GAUTENG KLUBVERSLAG**
**SEPTEMBER 2017 – AUGUSTUS 2018**
**Bertha Dorfling**

KLUB BESTUUR:
Jan Joubert (voorsitter);Bertha Dofling (Vise-voorsitter / sekretaress); Barend Dorfling (keuring).

Gedurende hierdie tydperk het die Gauteng klub twee suksesvolle skoue aangebied, naamlik die Horse of The Year skou te Kyalami Equestrian Park en ons jaarlikse Streekkampioenskappe.

HORSE OF THE YEAR
Die HOY skou het, soos gewoonlik, heelwat inskrywings gehad met perde van hoogstaande gehalte. Ons perde en ruiters het hulle goed van hulle taak gekwyt in Boerperd, sowel as oop klasse. Baie dankie aan Heleen Pope wat weereens as SABoerperd verteenwoordiger by KEP opgetree het.

STREEKKAMPIOENSKAPPE
Ons jaarlikse streekskou was gehou in Desember 2017 te Willows Equestrian Center in Pretoria. Hoewel Tradisionele klasse klein was, was die standaard van die skou baie hoog. Ons skou word jaarliks baie goed ondersteun deur eienaars of vertoners wat slegs een of twee Boerperde besit en nie noodwendig 'n stoet het nie.

BEOORDELAARS-BEAMPTES KURSUS
Ons het ook tydens die skou die Ryperd-Beamptes Vereniging se kursus aangebied. Baie geluk aan almal wat sulke goeie punte behaal het tydens die eksamen! Nege persone het die eksamen afgelê, waarvan 6 geslaag het.

GESAMENTLIKE KEURING
Die gebruiklike Gauteng gesamentlike keuring is 16 perde (merries & reuns) gekeur. Dit het soos gebruiklik, plaasgevind by Rooigras Stoet. Daar is ook gebraai en sosiaal verkeer na afloop van die verrigtinge.